

Verkorte geskiedenis van die Ladybrand Tennisklub

Ladybrand het, kort na sy ontstaan, reeds oor tennisebane beskik. Die tennisebane was in die middel van die dorp, waar die huidige landdroskantoor tans is, geleë. Drie tennisebane was in gebruik, met 'n dubbelverdiepinggebou oorkant die straat wat as klubgebou gedien het. Die gebou het 'n balkon op die boonste verdieping gehad met 'n uitsig oor die bane. Na die Tweede Wêreldoorlog het Ladybrand oor baie sterk dames- en mansspelers beskik.

In die laat vyftigerjare is die drie tennisebane verskuif na die sportgronde en was toe geleë tussen die huidige rugbyveld en rolbalbaan. Vir baie jare is daar op hierdie bane gespeel en het Ladybrand toe deel uitgemaak van die *Grens Tennis-unie (Border Tennis Union)*. Die volgende dorpe, nl. Maseru, Clocolan, Ficksburg, Marquard en dan ook Ladybrand het teen mekaar gekompeteer.

Maseru wat 'n pragtige sportkompleks in Maseru gehad het, het elke jaar 'n Paas Tennistoernooi aangebied. Spelers, wat Suid-Afrika verteenwoordig het, asook ander internasionale spelers, het aan hierdie toernooi deelgeneem. Bekende name, soos Abè Segal, Gordon Forbes, Owen Williams en die Franse Wimbledon-kampioen, Gene Barotra, was die internasionale spelers wat saam met Ladybrand en die omliggende dorpe hier gespeel het. Hierdie toernooi het 'n week geduur, met finale wedstryde op Saterdag, wat dan afgesluit is met 'n groot dans die aand.

In die begin sewentigerjare is die Hoërskool se netbalbane op die tennisebane se perseel ingerig en het die munisipaliteit vier splinternuwe "*All weather*-bane" gebou op die perseel waar dit tans nog is. Die klubhuis was 'n klein, eenvertrek, voorafvervaardigde geboutjie wat vir baie jare in gebruik was.

Gedurende hierdie tydperk was Ladybrand-tennis deel van die Oos-Vrystaatse tennis streek. Dorpe wat hier meegeding het, was Tweespruit, Dewetsdorp, Wepener, Zastron, Rouxville en dan ook Ladybrand. Gereelde mans-, dames-, en gemengde ligawedstryde het jaarliks plaasgevind. Die groot hoogtepunt op die tenniskalender was die Oos-Vrystaatse Geslote-kampioenskappe wat jaarliks op roterende basis plaasgevind het. Bekende uitstaande spelers, soos die Ferreira-broers, Chappie, Paul en Pieter, asook Jannie van den Berg, Herman Kleynhans en nog vele ander, het Ladybrand verteenwoordig. Onder die dames was name, soos Hilda Theron, Louise Jacquire, Anet Kleynhans, Susan Gerber en Ina du Plessis.

In die laat sewentigs, begin tagtigerjare, is nog twee nuwe tennisebane, asook die nuwe sportklubgebou, opgerig. 'n Volledige gimnasium, asook golf, tennis en muurbal, deel hierdie besondere fasiliteit en heet dan ook die *Ladybrand Sportklub*.

Ladybrand-tennis is bevoorreg om oor sulke uitstaande geriewe te beskik, maar is ook besonder bevoorreg om oor die 36 tennisebane te beskik wat die klub op gereelde basis besoek en gebruik. Gereelde ligawedstryde in die Bloemfontein-liga word nog gespeel, aangesien alle dorpe, soos voorheen genome, nie meer oor tennisspelers beskik nie. Spelers vanaf Clocolan het ook by ons aangesluit en beskik ons dan ook oor 'n Veteraan Springbok-tennisspeler in die ouderdomgroep, 75-80 jaar, naamlik Haxton Guiny.

Mag ons Hemelse Vader ons nog lank spaar om hierdie pragtige familiesport, naamlik TENNIS, met goeie gesondheid te kan beoefen.

Junie 2010

Saamgestel deur Antoon van den Bergh